**21 April**

**Skrifgedeelte: Job 33:6-13**
**Fokusgedeelte: Job 33:13**

## Diepgrondige selfondersoek

Job het geworstel met die alombekende “waarom’s”. Waarom het God my kinders en besittings van my weggeneem? Waarom het Hy die invalle van die bendes toegelaat? Sy drie vriende (Elifas, Bildad en Sofar) het die oorsaak by Job as sondige mens gesoek. Ook die vierde vriend Elihu, ’n jongman, was van mening dat Job vir God aanval terwyl dit nie vir God nodig is om aan mense rekenskap te gee nie.

Elihu was met betrekking tot die soewereiniteit van God reg, maar dit was nie Job se probleem nie. Job aanvaar God en wat Hy doen, maar Job verstaan nie waarom God beproewinge toelaat nie. Job wil as’t ware ingelig wees. God moet vir hom duidelik uitspel wat aangaan – waarom God só in sy lewe ingegryp het. Maar dit wil God nie.

Stel u voor dat God vir Job sou verduidelik: “Dit is Satan wat die egtheid van jou geloof wou laat toets. Maar moenie bekommerd raak nie, want jy sal gesond word en ook baie ryker as vroeër wees!” Watter waarde sou só ’n toetsing hê? Dit sou alle worsteling onmiddellik wegneem en daartoe lei dat Job passief die tyd tot herstel net sou afwag. So werk God nie met sy kinders nie. Hy wil diepgrondige selfondersoek van die hart hê.

Dit is ook wat God van ons as Gereformeerde gemeentes verwag. Nie bekommernis oor dalende getalle en wegkwyn van klein gemeentes nie, maar ’n Geesvervulde kerk wat hulle Verlosser in alles volg en in onvoorwaardelike liefde die wêreld om hulle bedien sodat soveel mense as moontlik aan die saligheid deel kan kry. Verder moet dit vir ons genoeg wees om te weet dat dit God is wat sy hand in donker tye oor ons hou.

*Sing: Skrifberyming 18-7 (Sb 45):3, 10*

*Ds. AS (Andries) Heystek (Emeritus)*